


WILLIAM PICKERILL



ONS weet — m n r. Pickerill hou nie daarvan om van homself te praat nie. Solank dit vir die orkes is of vir die musiekbevordering in die algemeen is hy bereid en voel hy lus om te praat. Maar toe ek eenmaal tot sy kantoor deurgedring het en hom baie belangstellend gevra of hy sy orkes-vakansie genie; het en hom laat praat het oor al die pragtige natuurplekke waar hy gebly het, was dit nie moontlik vir hom om aan my persoonlike vrae te ontsnap nie. Hy het hom laat oorhaal om weer in sy armstoel te gaan sit voor sy skryftafel, wat besaai is met beskrewe musiekpapier, en het 'n houding aangeneem wat gesê het: „Begin nou maar met uithoor.”

SY JEUG.

William J. Pickerill is in Engeland gebore in 1893.

„In Nottingham het my wieg gestaan. My opvoeding het ek gekry op die Rooms-Katolieke Kerk-skool van St. Barnabas. In die kerk was ek koorknaap en daar het feitlik my musikale opvoeding begin. My vader was dirigent in Nottingham. Daar was tien kinders in ons familie; die meeste het musiek as hul beroep gekies. My oudste broer is dirigent van die Manchester-Korporasie, en ander het plaasgeneem in die Hallé-orkes in Manchester.”

MUSIEKOPLEIDING.


„Nadat ek die St.-Barnabas-skool verlaat het, het ek na die kollege vir musiek in Manchester gegaan, waar ek klavierlesse geneem het, maar die blaas van die fagot (bassoon) as hoofvak bestudeer. My leraar vir dié instrument was Otto Schnieder, en vir harmonie en kontrapunt Robert Clinson.”

Ons sien dat met hierdie veelsydige en grondige kennis al 'n begin gemaak is vir 'n loopbaan wat mnr. Pickerill later as orkesleier en komponis vanpas gekom het.

„Ek moes geweet het dat die posisie van orkesleier vir my een dag sou aangebied word, want toe ek nog baie jonk was (agtien jaar), het ek reeds in 'n orkes plaasgeneem. Dis in die Italiaanse Castellano-Operageselskap dat ek my eerste ondervinding opgedoen het as fagot-speler. Later het ek lid uitgemaak van die D'Oily-Carte-Opera-geselskap, wat die *Gilbert en Sullivan*-stukke opvoer, en daarna weer met 'n operette-geselskap onder Geo. Edwardes, en ook in die Hallé-orkes. Ek het onder verskillende

Dirigent van die Kaapstadse Orkes

Deur JOH. LUIJT



Die heer William Pickerill, Dirigent van die Kaapstadse Orkes.

orkesleiers gespeel en het baie van hulle geleer. In 1914 het ek 'n benoeming aangeneem om as lid saam te werk in die Munisipale Orkes wat in Kaapstad opgerig is, en ek het daar baie aangenaam gewerk onder mnr. Theo. Wendt. Van 1921-'27 was ek werksaam as assistent-leier van die Kaapse Orkes, en ek het in dié jare baie geleer om te orkesleier, want al die moderne orkestukke is vir baie groot orkestes geskrywe en hierdie stukke moet altyd omgewerk word vir die klein Kaapse orkes.”

AS ORKESLEIER.

„Ek is baie lief vir „Grand

Opera,” sê die orkesleier verder. „„Grand Opera” beteken in Engeland 'n opera waarin glad nie gepraat word nie, in teestelling met „Light Opera.” Hierin word die resitatiewe gepraat, maar in „Grand Opera” word dit gesing. As die mense ons maar wil steun,” gaan hy voort. „Die veld op hierdie gebied is so groot en ons kan nog so baie doen in dié rigting. Materiaal het ons genoeg—maar dis die fondse wat vir ons kwel. Ons het in Suid-Afrika, ja, selfs in Kaapstad, baie talent op elke gebied van die kuns. Daarom is dit my wens om soveel as moontlik opera's op te voer om sodoende die jong sangers 'n kans te gee tot oefen. Ek wens Suid-

Afrika kan so baie komponiste lewer as daar sangers en sangeresse is. Dan sou ons 'n keus kan maak uit honderde stukke.

„Ek probeer om aan al die wense van die gehoor te voldoen. Wanneer die geleentheid hom voordoen, sal ek die plaaslike soliste 'n kans gee om op te tree.”

„Komponeer u nog?”

„Ek is daar so lief voor, maar ek kry nie tyd nie. Daar is altyd so baie stukke vir orkes wat omgewerk moet word. Nou is ek weer besig met die omwerk van die *Piekniek-liedjies* wat deur Leslie Heward orkestreer is. Ek wil *Sarie Marais* daarin bring.”

„Wat dink u van die Chappell-komposisie-wedstryd?”

„Dis 'n pragtige aanbod en verdien orals bekendheid te kry. Dis 'n groot voldoening vir die persoon wat die plan tot rypheid gebring het. As hierdie komposisie slaag en die firma Chappell stem saam met die keus van die beoordelaars wat dit bekroon as die beste Afrikaanse lied op oorspronklike Afrikaanse woorde, dan is dit 'n groot oorwinning vir die Afrikaanse bevolking, en sal meer wedstryde volg.”

DIE SKOOLKONSERTE.

„Die Skoolkonserte is 'n baie groot sukses, nie waar nie?”

„Ja, ons doen pragtige werk met die kinders, en van die skole kry ons goeie steun. Die onderwysers moedig die kinders aan om te gaan luister; hulle kom, en hulle geniet dit. Duisende het reeds die skoolkonserte besoek. Voor die konsert begin, is die saal vol met vrolike gesigte; hulle raas as 'n oordeel, en laat 'n mens net lus voel om ore toe te stop. Maar as ek op die verhoog verskyn, is daar plotseling stilte. Ek gee altyd 'n klein verklaringkie van die instrumente wat in die orkes gebruik word, en van die musiek wat ons gaan speel. En die kleinspan luister in ademlose stilte. Maar na elke stuk musiek verval hulle weer in hul oorverdowende geraas; die een wil harder klap as die ander, maar as ek my stokkie weer openneem, is alles muisstil. Ek maak die konserte nooit te lank nie. Die ondervinding het my geleer om nie te lank stil te staan by dieselfde onderwerp nie. Die kinders hul gedagtes dwaal so maklik af as hulle moeg word.”

Ofskoon William Pickerill nog jonk is, voel ons tog dat hy oor elke onderwerp in die musiek 'n gegronde oordeel het. Ons wens is dat hy nog baie jare werksaam sal wees as leier van die Kaapse Orkes en hy sy geesdrif lank mag behou.

In die middel van die nag het hy wakker geword. In die ander kamer het Salome gepraat, gesmeek, steen en been gekla. Dadelik het hy spyt gehad dat hy nie maar die nag by haar gebly het nie. Hoe lank het sy miskien nie al na hom geroep nie? Maar toe het hy 'n paar woorde opgevang wat hom weer gerusgestel het.

„Jy staan daar, oorlede Lammie, en jy kom nie nader nie,” het sy uitgeroep. „Hoekom wil jy nie nader kom nie? Jy was dan altyd so geheg aan my.”

Hy het suutjies na haar kamer toe geloop.

„Ek moet haar wakker maak,” het hy besluit:

OORLEDE LAMMIE

(Vervolg van bladsy 11.)

„dis nie goed vir haar om oorlede Lammie ook nog in haar drome te sien nie.”

Hy het in die deur van haar kamer gaan staan. Die maan het die kamer flou verlig.

„Ek moet versigtig wees,” het hy gedink: „ek kan haar nie somar skielik wakker maak nie.”

Met eens het sy regop in die bed gesit.

„Kom, oorlede Lammie,” het sy geweeklaag, „kom hier na my toe. Jy staan daar in die deur en jy kom nie nader nie. Wil jy dan nie na my toe kom nie? Is jy dan nie oorlede Lammie wat altyd so geheg aan my was nie?”

Sy het haar hande na hom toe uitgestrek.

„Ek moet haar dadelik sê dis ek,” was Hansie se besluit. „Sy is nog deur die slaap en dink dis oorlede Lammie wat hier voor haar staan.”

Maar onmiddellik daarna het hy tot 'n ander besluit geraak.

(Vervolg op bladsy 21.)